Woensdag **3 Julie**

**Skrifgedeelte: Genesis 3:9-19**

**Fokusgedeelte: Genesis 3:9-19; NGB, Art 17**

## God soek die mens op

God se koms na die tuin het altyd met ’n gees van afwagting gepaardgegaan. God sou altyd iets bring. ’n Dier wat wag op ’n naam en een dag selfs ’n lewensmaat. Ook wanneer God net gekom het om met sy heerlike teenwoordigheid by sy skepping te wees, was dit vir Adam en Eva die hoogtepunt van die dag.

Nou, ná die vreeslike dag van verleiding en val, was alles anders. God kom aan en die mens sidder. “Bome val op ons en blare bedek ons!” Adam en Eva het straf en die dood nie geken nie. Hulle het nie geweet dat hulle deur die sonde hulle losgeskeur het van God, wat hulle ware lewe is, nie (NGB, Art 14). Hulle het net geweet dat dit hierdie keer anders is. Die vrymoedigheid, die mooi oop verhouding, was weg. Hulle was bang en kruip weg.

Ja, alles WAS anders. Dierevriende word vyande. Skaamte, selfsug, beskuldigings en verwyte word deel van die verhouding tussen mense en pyn en die drang na oorheersing kom daarmee saam. Sweet, bloed en trane word hulle deel op ’n vervloekte aarde. Alles en almal het anders geword.

Net God nie. God sou ook hierdie keer nie met leë hande na die tuin toe kom nie. Hy sou sy genade saambring. Hy staan as ’t ware reeds met die liggaam van sy eie Seun, die tweede Adam, in sy hande by die ingang van die tuin en roep met trane in sy oë: “WAAR IS JY, ADAM?”

Hoe vreeslik die gevolge van die sonde ook in jou lewe, jy het ’n God wat jou in genade opsoek. Jy kan maar ophou wegkruip en Hom in hierdie dag met afwagting tegemoet gaan. Hy bring altyd iets saam.

*Dr. WC (Wim) Vergeer (Krugersdorp)*